

Die pret is verby.

Hulpmiddels:

- ⊗ 'n Klein plastiekskapie om in die sensoriese bottel te sit
- ⊗ Amos (*Kry betyds 'n man wat die rol van Amos kan vertolk. Sorg dat hy presies weet wat om te doen.*)
- ⊗ 4 Baniere: "Hofsaal", "Huis", "Winkel", "'n Fees"
- ⊗ Kopieë van die inkleurprent
- ⊗ Kopieë van die gediggie met prente om in te kleur
- ⊗ Kopieë van die gesegde wat die kinders kan versier: "Verkeerd is verkeerd..."



WELKOM

"Baie slim kinders kom soek werk": Verdeel die kinders in twee groepe. Die groepe gaan staan weerskante van die saal of grasperk agter 'n lyn (wat jy vooraf merk). Die groepe besluit afsonderlik watter werk hulle gaan uitbeeld. Die werk word met aksies en geluide gewys, maar sonder woorde. Sodra hulle op 'n werk en aksies besluit het, tree die groepe agter die lyne aan. Die eerste groep huppel na die tweede groep toe en roep: "Baie slim kinders kom soek werk." Hulle herhaal dit totdat hulle voor die ander groep staan. Die groep reageer met: "Watter werk?" Hulle antwoord: "Enige werk." Groep 2 reageer: "Nou doen dit." Groep 1 demonstreer hulle werk en groep 2 raai wat hulle doen. Sodra groep 2 reg raai, moet groep 1 hardloop om agter hulle lyn te kom en groep 2 moet probeer om hulle te vang. Die kinders wat gevang word, gaan oor na groep 2. Ruil nou om. Die speletjie kan gespeel word totdat daar niemand in een groep oorbly nie (of solank daar tyd is - kyk dan watter groep het die meeste kinders in).

Assosiasies: Jy noem n woord en hulle moet reageer met woorde wat daarby pas. Bv. "braai" en hulle reageer met "vuur, vleis, slaai, pap, ooms, ens." Doen dieselfde met "plaas", "mall", "partytjie", "kerk/Kix".



WYDING

Temalied: Kinders sit met toe oë en sing "Trust in the Lord" (<https://www.youtube.com/watch?v=XPZJtZzQBBO>).

Stilword-ritueel:

Stuur die sensoriese bottel in die rondte om terwyl die kinders die volgende verse sê: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1-3)



WOORD

Stel Amos aan die kinders bekend en laat hy sy verhaal vertel:

"Hello julle!! Ek hoor julle leer van Prettige Profete. Ai, ek wens my storie was prettig, maar toe nie... Sien, ek het geboer met skape en bokke en wildevee. Dit was nou lekker, so rustig op my eie. Dit was nie 'n moeilike taak om wildevee te kweek nie - hulle is mos wild. My kleinvee was ook maklik om te hanteer. So wou ek oud word: niemand pla my nie en ek pla hulle ook nie. Maar toe vat die Here my weg van my maklike lewe af. Ek wil nou hê julle moet sien wat die Here vir my gewys het. Eers het Hy vir my vertel hoe sleg die mense in ander lande was. Dit was nie vir my snaaks nie. Ek het dit eintlik verwag. Maar toe stuur hy my stad toe, na my eie mense toe. Dís wat ek nou vir julle wil wys."

Stap na die eerste banier as jy plek het om met die kinders rond te loop van plek tot plek. Anders kan jy dit uitbeeld op een plek.

Eerste uitbeelding: Banier: "Hofsaal"

Drie kinders beeld dit uit – 'n arm man, 'n sandale verkoper en 'n slawe handelaar. Die sandale verkoper baklei met die arm man omdat hy nog nie die sandale klaar betaal het nie. Hy gryp hom en verkoop hom aan die slawehandelaar.

Amos 2:6b: "... hulle verkoop onskuldige mense vir geld, arm mense oor 'n paar sandale."

Amos reageer: Daar het ek gesien hoe sleg behandel my mense mekaar. Kom ons kyk verder.

Tweede uitbeelding: Banier: "Huis"

4 Kinders beeld dit uit – Pa, ma en kinders skel en stamp mekaar rond.

Amos 3:10: "Hulle wat geweld en verwoesting in hulle mooi huise herberg, weet nie hoe om reg te doen nie, sê die Here."

Amos reageer: Ek het gedink my mense is ordentlik, maar kyk net hoe sleg gaan dit in hulle huise.

Derde uitbeelding: Banier: "Winkel"

Twee kinders beeld dit uit. Een kind kom koop 'n halwe brood met R 5,50. Die winkelier wil R 11 vir die halwe brood hê en weier om die kind te help.

Amos 8:5: "Julle sê: "Wanneer is Nuwemaan verby dat ons koring kan verkoop, of Sabbat, dat ons ons graanwinkels weer kan oopmaak en minder graan vir meer geld kan verkoop? Ons laat die skaal mos kul soos ons wil!"

Amos reageer: Hoe kan hy dit doen?! Waarvan moet die kinders lewe as hy so onregverdig is en net wil ryk word?

Vierde uitbeelding: Banier: "n Fees"

5 kinders maak asof hulle hulle dronk drink en afgode aanbid.

Amos 5:21 en 23: "Ek haat julle feeste, Ek wil nie die feeste hê nie. Ek hou nie van julle gewyde feesdae nie. Hou op sing! Ek wil nie luister wanneer julle musiek maak met 'n harp nie."

Amos reageer: Ek kan verstaan dat die Here die feeste haat.

(Amos gaan sit met die kinders en vertel verder.)

"Ek het begin praat en die mense gewaarsku dat God hulle gaan straf. Hulle het my stilgemaak en gesê: "Jy is nie 'n profeet nie. Ons het profete en hulle sê die Here gaan ons seën. Bly jy stil." "Ek weet ek is nie 'n profeet nie, ek kom van die plaas af. Ek ken vee en wildevee, maar God het my daar weggevat en na julle toe gestuur. Ek moet julle waarsku. So kan dit nie aangaan nie."

Die Here het toe vir my duidelik gesê: "Ek hou hulle dop. Ek gaan hulle van die aarde af wegvee."

My hart was so seer toe ek dit hoor, maar ek het verstaan. Ons is almal sondears. God kan nie alles net los dat dit so aangaan nie. Toe gee God vir my 'n belofte.

Hy het gesê: "Ek gaan julle weer herstel. Ek gaan uiteindelik die land weer nuut maak. Ek sal genoeg mense laat oorbly wat My sal respekteer en die land weer sal opbou. Daar sal weer vrede wees, genoeg om te eet, mooi tuine en nuwe huise. Hou moed."

Die kinders kry tyd om oor die verhaal na te dink:

1. Ek wonder wat in die verhaal was vir julle mooi.
2. Ek wonder watter deel van wat ons hier gesien het, sou jy wou uitlaat.
3. Ek wonder watter van die dinge wat Amos gesien het, gebeur vandag nog.
4. Ek wonder hoe God vandag mense se lewens regmaak.



- ♦ Gedig en prent: Laat die kinders die gediggie lees/leer en die prent inkleur.
- ♦ Inkleurprent van Amos by sy skape.
- ♦ Versier die gesegde "Verkeerd is verkeerd..."

Sluit af met die seënbede.

AMOS

Amos kom van 'n plaas daar ver.

Jy hoor net skape blêr.

God lei hom na die dorp;
hy gaan vat die volk kort.







Hy preek en pleit en bid;
hy wil almal wakker skud:

“Begin reg lewe,

Ura God om te vergewe;

Draai om, draai terug;

Dan hoef julle nie te vlug.”



VERKEERD

is VERKEERD,

selfs al doen

ALMAL dit.

REG is REG,

selfs al doen

NIEMAND dit nie.

VERKEERD
is **VERKEERD**,
selfs al doen
ALMAL dit.
REG is **REG**,
selfs al doen
NIEMAND dit nie.

HOFSAAL

HUIS

WINKEL

'N FEES